basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V2

## NOVEMBER 2012

## MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1

1.1 **Impak van MIV/Vigs op die Suid-Afrikaanse samelewing**

- Daar is 'n hoë sterftesyfer onder die jongmense in die land.
- Dit veroorsaak dat gesinne verbrokkel as een lid besmet is, omdat elke lid van die gesin beïnvloed word.
- Dit beïnvloed die moraal van die samelewing (waardes en houdings verander).
- Die getal leerders wat die skool vroeg verlaat, styg.
- Gesinstukture word verswak (gesinne met kinders as hoofde)
- Dit veroorsaak finansiële spanning op die ekonomie; die regering spandeer meer geld, wat die ongelyke verspreiding van fondse veroorsaak.
- Dit veroorsaak dat mense in 'n siklus van armoede vasgevang word.
- Dit veroorsaak werkloosheid (soms word mense op grond van hul gesondheidstatus aangestel).
- Dit veroorsaak meer lyding en laat mense skuldig voel, lae selfbeeld, min selfvertroue en vertroue. (10)

1.2 **Oplossings vir die probleem**

*Christendom*

- Die Bybel sê 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie'. Dit is 'n duidelike opdrag om seksuele omgang tot die instelling van die huwelik te beperk.
- Die Bybel sê ook dat man en vrou mekaar moet eer en respekteer. Wees aan mekaar onderdanig uit eerbied teenoor Christus.
- Moenie dronk word van wyn, wat tot losbandigheid lei nie (Ef. 5:1–6).
- Die huwelik word aangemoedig in die woorde 'om hierdie rede sal 'n man sy vader en moeder verlaat en een word met sy vrou en die twee sal een vlees word' (Ef. 5:1–6).
- Die Bybel sê duidelik dat ons liggame die tempel van die Heilige Gees is en dat ons liggame heilig gehou moet word.

*Afrika Tradisionele Godsdiens (ATG)*

- Een van die bekendste Afrika-leringe is die idee van *ubuntu* wat die gemeenskap bo individuele regte plaas.
- Dit beteken dat 'n persoon slegs 'n persoon deur sy of haar verhoudings met ander mense is.
- Dit is dus belangrik dat almal mekaar met liefde en respek behandel.
- ATG plaas baie klem op gesinsbande en geskiedenis, soos beskryf in familie- en stamprysliedere.
- In ATG sluit die bose die doelbewuste ontwrigting van gemeenskapslewe in, soos dit die geval is in die gevolge van Vigs.
- Baie heilige stories verheerlik die instelling van die huwelik en die gesin.

*Hindoeïsme*

- Die Hindoe-wet van Karma leer dat 'n persoon se handelinge en gedagtes die tipe lewe sal beïnvloed wat daardie persoon in die volgende lewe gaan lei.
- Dit moedig respek en beskerming van alle lewensvorme aan.

- Dit moedig mense ook aan om 'n moreel goeie lewe te lei, wat insluit:
  1. Goeie seksuele lewe
  2. Beskerming van swakkes, bv. kinders en vroue
  3 Handelinge wat lewe aanmoedig

- Dit verseker dat die stryd teen MIV en Vigs binne die godsdiens aangepak word.
- Die een voorwaarde wat Hindoeïsme aan volgelinge stel, is dat niemand onder enige omstandighede van die pad van *dharma* moet afwyk nie.
- Indien 'n persoon versigtig is om 'n lewe van *dharma* te lei, sal die resultaat geluk wees. (20)

1.3 **Praktiese strategieë vir godsdienstige organisasies om MIV/Vigs te bestry**

- Organiseer werkswinkels om mense te onderrig en hulle bewus te maak van die epidemie.
- Onderrig lede en gemeenskappe oor godsdienstige leringe oor voorbehoeding.
- Bied berading vir mense wat besmet en beïnvloed word.
- Bewusmakingsveldtogte moet beplan word.
- Ons moet uit suksesvolle anti-Vigs-veldtogte leer.
- Bv. In Uganda het godsdienstige organisasies en die regering saamgewerk om morele regenerasie te bewerkstellig.
- Seks buite 'n stabiele verhouding is taboe verklaar.
- Geloofsgebaseerde organisasies werk almal saam om die boodskap van kuisheid oor te dra.
- Seks word slegs binne die huwelik beoefen.
- Diegene wat kwesbaar is (veelvuldige seksuele maats, onbeskermde seks, ens.) moet vir 'n MIV-toets gaan sodat ARV-behandeling of 'n verandering in hul leefstyl, of beide, so gou as moontlik kan plaasvind.
- Jongmense kan deur die media, jeugklubs en godsdienstige byeenkomste asook politieke organisasies geteiken word.
- Begin met seksopvoeding onder die jeug.
- Onderrig regte en verantwoordelikhede, asook respek vir mans en vroue.
- Neem deel aan besprekings oor hoe die Grondwet vergelyk kan word met godsdienstige leringe, bv. die Kinderbeskermingswet laat 'n 12 jarige toe om sonder ouertoestemming in te stem tot MIV-toetsing.
- Neem deel aan gesondheid- en sport-/jeugprogramme.
- Sosiale netwerke wat deur die jeug gebruik word, kan kennis en inligting bevorder wat deur verskillende ouderdomsgroepe verstaan kan word.

**LET WEL: Hierdie is 'n oop vraag. Die leerders moet punte kry vir die antwoorde wat relevant is, selfs al word strategieë uit meer as een godsdiens verkry.** (10)

1.4 **Slaag godsdienstige organisasies in die styd teen MIV/Vigs?**

<u>*Ja*</u>

- Die hoër bywoningsyfer in verskillende godsdienstige organisasies deur hul verskillende genesingstrategieë en lewenstyle dra by tot die stryd teen MIV en Vigs.

- Bewusmakingsveldtogte word deur verskillende godsdienstige groepe georganiseer.
- Tuisorganisasies word deur verskillende godsdienstige organisasies bedryf.
- Godsdienstige groepe werk saam met die regering as 'n gesamentlike mag vir effektiewe implementering van strategieë.
- Die meeste gevestigde waakhuise ('safe houses') word georganiseer deur godsdienstige organisasies om na weeskinders om te sien.
- Seminare om bewustheid te kweek word deur verskillende godsdienstige groepe georganiseer.
- Berading en hulpkantore werk effektief om hulp aan gemeenskappe te verleen.
- Godsdienstige groepe doen uitreike en gee skenkings aan gesinne sodat hulle iets het om te eet en te dra.

*Nee*

- Mense gaan na godsdienstige organisasies wanneer dinge sleg raak en wanneer hulle in moeilike situasies is.
- Godsdienstige organisasies kan dit nie alleen doen sonder befondsing nie.
- Dit word moeilik vir die organisasie om na groot getalle mense om te sien.
- Statistieke toon dat die besmettingsyfer steeds baie hoog is in vergelyking met ander Afrikalande.
- Godsdienstige organisasies is te veel gefragmenteer om effektief in die stryd te wees. Indien hulle 'n gesamentlike poging aanwend sal hulle meer effektief wees.
- Godsdienstige organisasies moet meer insette in regeringsbeleid lewer via die Nasionale Godsdienstige Leiersforum (NGLF). (10)

**[50]**

## VRAAG 2

2.1 **Vergelyking van EEN godsdiens en Darwin se evolusieleer**
**Die Baha'i-geloof**
*Die aard van die mens*

- Baha'u'llah noem die mens die edelste en perfekste van alle geskape wesens.
- Mense is die grootste verteenwoordigers van God.
- Anders as diere is mense geseën met intelligensie en spirituele kragte wat hulle in staat stel om God te ken.
- Hulle kan engelagtige eienskappe soos liefde, deernis, betroubaarheid en integriteit kry.
- Die doel van die lewe is om God te ken en lief te hê, en om geestelik te groei.
- Elke mens het die kapasiteit om die waarheid te erken en dit te volg.
- Elke individu moet onafhanklik van ander mense na die waarheid soek.
- Vermy dit om die verlede blindelings te volg.

*Die aard van die wêreld*

- Volgens die Baha'i-geloof het God die heelal geskep en die mensdom is verhewe bo die ander wesens.
- Mense kan met hul rasionele kragte die wêreld verower.
- Die wêreld is 'n oorgangsplek.
- Die wêreld en wat in dit is, is nie gehegtheid werd nie.
- Mense word heeltyd herinner dat hulle hulself van die dinge van hierdie wêreld moet losmaak.
- Baha'is glo dat hulle tydens hul lewe in hierdie wêreld 'n kans gegun word om deugde te ontwikkel, karakter te bou en geestelik te groei.
- Die wêreld is een plek, die tuiste van die hele mensdom.

**Christendom**

*Die aard van die mens*

- Volgens die skeppingsverhale wat in Genesis gevind word, het God die mensdom geskep.
- Die skepping van die mensdom word gesien as die klimaks van die manifestering van God se heerlikheid.
- Anders as die diere, is mense na God se beeld geskape en is hulle gevul met God se asem.
- Mense vertoon dus die eienskappe, kenmerke en selfs die persoonlikheid van God.
- Hulle het intellek en vrye wil, maar diere het instink en leef volgens die wette van die natuur waaroor hulle geen beheer het nie.
- God het Adam en Eva na Sy eie beeld geskape.
- Na aanleiding van die model van die heilige Drie-eenheid, moet die mensdom 'n verhouding van gemeenskaplike respek en liefde hê.
- Mense moet 'n gemeenskap wees op dieselfde manier waarop die drie persone van die heilige Drie-eenheid 'n gemeenskap is.
- Individue moet na mekaar omsien en mekaar beskerm.

*Die aard van die wêreld*

- Volgens Christendom is die wêreld vir die mens se plesier geskape.
- God het die aarde geskep en mense toegelaat om die hulpbronne van die Tuin van Eden te gebruik.
- Mense, seediere, landdiere en plante behoort alles aan God.
- Dit is God wat in beheer is van die weer, klimaat, tyd en seisoene van die jaar.
- God die Vader het sy Seun, Jesus, na die wêreld gestuur.
- Nadat Hy na die Hemel opgevaar het, het die Seun die Heilige Gees gestuur.
- Die Heilige Gees het op sy beurt die Kerk die wêreld ingestuur om God se sendingswerk voort te sit.

**Darwin se Evolusieleer**

Darwin se teorie bestaan hoofsaaklik uit die volgende idees:

1. Spesies bevat 'n wye verskeidenheid klein verskille.
2. Beide die wêreld en spesies verander oor tyd.
3. In die stryd om oorlewing sal beter aangepaste variasies voorkeur geniet terwyl dié wat nie aanpas nie, sal sukkel om te oorleef.

4. Op hierdie manier sal spesies geleidelik hul vorm verander en meer kompleks raak – deur op 'n pad van suksesvolle variasie te ontwikkel.
5. Alle vorme van lewe is verbind en kan teruggeneem word na 'n gemeenskaplike oorsprong.
6. Die verskillende tipes lewe is nie absoluut verskillend nie, maar kom op een enkele kontinuum voor.
7. Lewe ontwikkel in 'n proses wat van eenvoud na kompleksiteit lei.
8. Die verskillende vorme van lewe het nie in 'n perfekte vorm verskyn nie, maar het oor tyd ontwikkel.
9. Die evolusieteorie sê dat mense nie deur 'n godsdienstige wese geskep is nie. Hulle het eerder uit ape ontstaan.
10. Die teorie stel voor dat alle lewe uit primitiewe vorme ontstaan het en deurlopend evolueer. (30)

2.2 **Vergelyking van EEN godsdiens en die oerknalteorie**
**Baha'i-geloof**
*Leringe oor goddelikheid en hoe die heelal ontstaan het*
- God is die skepper van die heelal en is infinitief verhewe bo sy skepping.
- Mense het nie die kapasiteit om God se onkenbare wese ten volle te verstaan nie.
- Hulle kan die tekens van God se mag en eienskappe in die skepping sien.
- God is nie beperk tot sy/haar skepping nie en word nie daardeur gedefinieer nie.
- God word ook nie op enige manier beperk deur die eienskappe van sy skepping nie.
- Beide die spirituele en die fisiese skeppings is skeppings van dieselfde God.

**Christendom**
*Leringe oor goddelikheid en hoe die heelal ontstaan het*
- Christene glo in die bestaan van 'n heilige Opperwese wat as God bekendstaan.
- Christene glo dat God homself manifesteer, of ervaar word, as drie persone, die heilige Drie-eenheid.
- God die Vader is die Skepper van die heelal.
- God die Seun is die Verlosser en Saligmaker van die mensdom.
- God die Heilige Gees is die raadgewer van Christene en bevorder hul belange.
- In die begin was daar niks behalwe chaos nie.
- God het gesê, 'Laat daar ... wees' en die skepping het ontstaan.
- God het die heelal in ses dae geskep.
- Die wêreld was perfek nadat die heilige Drie-eenheid die skeppingsprojek voltooi het.
- Die skepping van die wêreld gaan steeds voort, en op 'n manier speel ons as mens 'n belangrike rol in die aanhoudende proses van skepping.

**Die oerknalteorie**
- Die sogenaamde oerknalteorie is tans die gewildste wetenskaplike teorie oor die heelal.
- Dit is nie bekend wat voor die oerknal bestaan het nie.

Kopiereg voorbehou 

- Na die oerknal het die heelal verskyn en tot 'n enorme grootte uitgebrei. Dit het ongeveer 15 biljoen jaar gelede gebeur.
- Klein temperatuurverskille in die eerste ontploffing het tot verskillende digthede dwarsdeur die heelal gelei.
- Dit het uiteindelik bondels dwarsdeur die heelal gevorm.
- Die bondels het meer verdig op 'n 'klonterige' manier en uiteindelik die groot versamelings sterre gevorm wat ons sterrestelsels noem.
- Oor tyd het hulle meer kompleks geraak en uiteindelik het mense ontstaan.
- Wetenskaplikes skat dat die eerste vorms van lewe 'n paar biljoen jaar gelede op die aarde verskyn het.
- Ons Aarde is deel van die Sonnestelsel. (20)

**[50]**

## VRAAG 3

3.1 3.1.1 **Intergodsdienstige verhouding in Suid-Afrika tydens en na apartheid**

*<u>Intergodsdienstige dialoog in Suid-Afrika voor 1994</u>:*

- Die Christelike godsdiens was die staatsgodsdiens.
- Ander godsdienste het min of geen erkenning gekry nie.
- Godsdienstige vryheid en gelykheid was nie in die wetsboeke nie.
- Daar was aparte waarneming van godsdienstige gebruike.
- Dit was in lyn met die apartheidsregering se doelwit van aparte ontwikkeling.
- Mense is nie oor ander godsdienste onderrig nie.
- Apartheid het egter gedien om godsdienste saam te snoer.
- Die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SACC) is in 1968 gevorm. Dit het Christene van verskillende denominasies verenig.
- Die 'Call of Islam' is in 1984 gestig.
- 'Jews for Justice' is in 1985 gestig.
- Die intergodsdienstige stryd teen Apartheid het gelei tot die vorming van die Suid-Afrikaanse tak van die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede ('WCRP') in 1984.

*<u>Die post-apartheidsera (1995 tot vandag)</u>*

Gesonde intergodsdienstige verhoudinge in Suid-Afrika:

- In 1997 het President Nelson Mandela 'n beroep op godsdienstige gemeenskappe gedoen om saam te werk om 'n vrye en regverdige Suid-Afrika te bou.
- Hier koalisie is die Nasionale Godsdienstige Leiersforum ('NRLF') genoem.
- 'n Morele beraad is in Oktober 1999 gehou.
- Kwessies was armoede, mishandeling van kinders en vroue, voorkoming van MIV en VIGS, ens.
- Die SA Grondwet is in 1996 aangeneem.
- Dit vestig SA as 'n sekulêre staat met geen staatsgodsdiens nie.
- Dit verbied diskriminasie op grond van godsdiens of oortuiging/geloof.

- Godsdienstige waarneming kan plaasvind by staatsinstellings op voorwaarde dat:
  - Dit op 'n gelyke basis gedoen word, en
  - Bywoning vry en vrywillig is
- Hierdie voorwaardes verseker dat daar harmonie is (vryheid van assosiasie word gevestig.)
- Respek vir verskillende rituele/gebruike/gelowe en
- Verdraagsaamheid tussen die verskillende godsdienste in Suid-Afrika.
- Vryheid van uitdrukking moedig gemeenskaplike kommunikasie tussen godsdienste aan sonder vrees.
- Vryheid van opinie gee 'n platform vir godsdienste om kommentaar te lewer oor stads- of sosiale kwessies.
- As erkenning van Suid-Afrika se vordering in godsdienstige verdraagsaamheid, is die Wêreldgodsdiensparlement in 1999 in Kaapstad belê. (24)

3.1.2 **Watter EEN verkies jy?**

*Die post-apartheidsera*

- Die Grondwet word sonder diskriminasie geïmplementeer
- Menseregte word volgens die Grondwet erken.
- Vryheid van godsdienstige keuse – elkeen is vry om die godsdiens waarvan hy of sy hou, te beoefen.
- Religiestudies word vrylik in skole aangebied.
- Inligting oor godsdienstige sake is toegangklik.
- Alle godsdienste word met waardigheid en respek hanteer.

*Die apartheidsera*

- Rassegroepe het hul eie identiteite gehad.
- Die misdaadsyfer was laag.
- Elke godsdiens is in sy eie gemeenskap beoefen.
- Wittes het aansienlike voordele geniet.
- Kerke het hul eie skole gehad.
- Christenorganisasies het staatsonderhoud ontvang omdat Christendom die staatsgodsdiens was. (6)

3.2 **Die geskiedenis en werk van die Wêreldgodsdiensparlement**

Wêreldgodsdiensparlement

- Die inisiatief is in 1893 begin (Wêreldparlement van Godsdienste).
- Die Unitaristiese en Universalistiese kerke was die hoofaandrywers van hierdie inisiatief.
- Westerse en Oosterse godsdienste is verteenwoordig.
- Swami Vivekananda het Hindoe-denkwyse aan die Weste bekendgestel.
- Dit was 'n kritiese stap in intergodsdienstige dialoog, omdat Oosterse godsdienste voorheen nie as godsdiens deur die Westerse wêreld verstaan/aanvaar is nie.
- Christendom, Islam, Boeddhisme en Judaïsme is verteenwoordig. Dit was die beginpunt van moderne intergodsdienstige dialoog.
- Inheems Amerikaanse en Afrika-godsdienste is nie verteenwoordig nie.

Kopiereg voorbehou 

- 'n Honderd jaar later is die tweede parlement in Chicago gehou.
- Hier is 'n besluit geneem om die parlement elke vyf tot ses jaar in 'n ander stad te hou.
- Die 1993-parlement het 'n dokument genaamd 'Towards a Global Ethic' (Op pad na 'n Wêreldwye Etiek) uitgegee.
- Die 1999-parlement in Kaapstad het verteenwoordigers van amper al die wêreld se godsdienste gehad.
- Die laaste parlement is in 2004 in Barcelona gehou. Die fokus was op godsdienste se verbintenis tot die oplos van wêrelduitdagings.
- bv. Oorlog/Godsdienstige konflik, dwelmhandel, armoede, aardverwarming, ens.
- Intergodsdienstige liggame druk het hul verbintenisse deurgevoer as gevolg van hul sterk oortuigings.

<u>Die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede ('WCRP')</u>
- Dit is in 1970 gestig.
- Dit het uit lede van alle godsdienste bestaan.
- Die gemeenskaplike doel is vrede.
- Hierdie liggaam glo dat intergodsdienstige verhoudinge die beste manier is om mense van verskillende rasse, klasse en kulture saam te snoer met 'n gemeenskaplike doelwit.
- Dit is omdat godsdienste mense in samehangende groepe organiseer wat daartoe verbind is om ander in nood te help.
- Hulle fokuspunte is:
    - Konflik en versoening
    - Kinders en gesinne
    - Ontwapening en sekuriteit
    - Menseregte en verantwoordelikheid
    - Vredesonderrig
- Dit is betrokke by bemiddeling en ooreenkomste tussen groepe wat met mekaar oorlog maak in lande soos Sierra Leone.
- Het gehelp met versoening in gemeenskappe waar daar konflik is as gevolg van etniese en politieke verskille, soos in Bosnië-Herzegowina en Kosovo.
- Godsdienste vir Vrede, met die hulp van ander organisasies, het gewerk om vredesonderrigpogings te versterk in nasies soos Israel, Thailand en Japan.

<u>WRK – Wêreldraad van Kerke</u>
- In 1948 in Amsterdam gestig.
- Dit is suiwer Christen.
- Dit herbevestig die Drie-eenheid van God.
- Dit sluit die volgende Christelike denominasies in:
    - Anglikaans
    - Baptiste
    - Kongresionalistiese
    - Luthers
    - Metodiste
    - Morawiese
    - Ou Katolieke

  - o Ortodokse
  - o Presbiteriaanse
  - o Gereformeerde
  - o Kwakers ('Society of Friends')
- Die Rooms Katolieke Kerk is nie met die WRK geaffilieer nie
- Die Raad bevorder die volgende:
  - o Ekumeniese gemeenskap
  - o Diens
  - o Studie
- Die rol van die WRK is die bevordering van eenheid,
- verdraagsaamheid en respek onder Christene
- Dit probeer ook om oplossings te vind vir sosiale en ekonomiese uitdagings in 'n Christelike konteks.

*[LET WEL: Gee 'n maksimum van 10 punte vir die geskiedenis van die organisasie en 'n maksimum van 10 punte vir die werk wat gedoen is]* (20)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1 **Hermeneutiese beginsels van die interpretasie van normatiewe bronne.**

- Grammatika en historiese konteks: dit beteken dat mens die reëls van grammatika en die historiese feite gebruik om heilige tekste te interpreteer.
- Duidelikste betekenis: mens moet die letterlike betekenis van die teks neem.
- Plan, doel en konteks: 'n geskrewe stuk moet as 'n geheel beskou word. Wat is die skryfplan of struktuur? Wat was die outeur se doel met die skryf van hierdie teks? Wat is die konteks waarna daar in die gedeelte gekyk word?
- Betekenis van woorde: die betekenis van woorde verander oor tyd en in verskillende plekke. Vind uit wat die oorspronklike betekenis was soos dit in die normatiewe bron gebruik is.
- Figuurlike betekenis: Figuurlike en nieletterlike betekenis moet in ag geneem word.
- Ander heilige tekste: heilige tekste kan gebruik word om ander heilige tekste te interpreteer.

<u>*ATG (as 'n voorbeeld)*</u>

- Daar is spesifieke reëls vir die interpretasie van beide die primêre en die sekondêre bronne.
- Die prosedure verskil van gemeenskap tot gemeenskap.
- Die broer aan die moeder se kant en die suster aan die vader se kant is gewoonlik die sleutel tot die oopmaak van die heilige familieteks.
- Hulle moet die eerstes wees om die teks oop te maak deur die dooies van die familie op te roep in volgorde van senioriteit en familiariteit.
- Sodra hulle 'n kommunikasiekanaal oopgemaak het, het die ander familielede wat teenwoordig is 'n kans om hul eie interpretasie te gee en hul wense uit te spreek.

- Die familie se tradisionele geneser maak seker dat die wense van die lewendes en dié van die lewende dooies volgens die spesifieke vereistes van die betrokke geleentheid uitgedruk word.
- Wanneer sekondêre heilige tekste geïnterpreteer word, neem die koning of hoofman die leiding. (10)

4.2 **Goddelike inspirasie**

4.2.1 *<u>Afrika Tradisionele Godsdiens (ATG)</u>*

- Sulke onmiddellike kontak met 'n dimensie buite die alledaagse lewe is die kern van Afrika-godsdiens.
- Mediums en waarsêers spesialiseer in kommunikasie met voorvaders en algemene geeste
- Bv. Die Yoruba in Wes-Afrika se mediums gaan dikwels tydens hul opleiding deur 'n proses van sterfte en hergeboorte.
- In hierdie proses, glo hulle, word die persoonlikheid uitgewis en die medium of waarsêer ontvang 'n nuwe persoonlike wat aan die bonatuurlike magte gewy is.
- Die meeste van hierdie waarsêers het 'n tussengangerfunksie tussen die gode en mense.
- Priesters is ook baie belangrike tussengangers tussen die godheid en mense.
- In Suider-Afrika berus die priesterlike funksie dikwels by die hoof van die familie. (10)

4.2.2 *<u>EEN Midde-Oosterse godsdiens (Judaïsme, Christendom, Islam)</u>*

- Voorbeelde is Abraham, Moses, Jesus, die Profeet Mohammed
- Die inspirasie van hierdie figure word deur hul volgelinge aanvaar as direk en onmiddellik.
- Daar word geglo dat hul van aangesig tot aangesig met God was.
- Hulle het hul boodskappe reguit van God af ontvang.
- Hierdie godsdienste glo in 'n hoër, dieper wysheid waartoe belangrike figure direkte en onmiddellike toegang gehad het.

*LET WEL: 'n Maksimum van 4 punte moet toegeken word indien 'goddelike inspirasie' slegs gedefinieer is.* (10)

4.3 4.3.1 **Die aard van die bose**

*<u>Christendom</u>*:

- Volgens Christendom het God nie die bose geskep toe hy die wêreld geskep het nie.
- Hy het 'n perfekte wêreld en perfekte mense geskep.
- Die bose het later ontstaan toe Adam en Eva God se opdragte verontagsaam het.
- Christene noem hierdie tipe ongehoorsaamheid 'sonde'.
- Christene glo dat die bose dikwels gebruik word deur Satan wat voorheen God se engel was, maar teen God rebelleer het.

*<u>Boeddhisme</u>*:

- Die bose is nie die probleem in Boeddhistiese denke nie, maar onkunde is.

- Sien mense as basies goed, maar onbewus van hul potensiaal.
- Die bose het geen oorsprong nie omdat realiteit self nie 'n oorsprong het nie.
- Heelalle ontstaan, bestaan vir 'n tyd lank en verdwyn dan.
- Binne hierdie heelalle probeer Buddha vir mense wys hoe om te ontsnap uit die lyding wat realiteit kenmerk.
- Omdat mense nie weet hoe die heelal werk nie, begeer hulle dinge.
- Om hierdie dinge te kry, is hulle bereid om nie net hulself te laat ly nie, maar ook ander.
- Onkunde veroorsaak dat mense hulself as permanente, onverbinde entiteite beskou en dat hulle ontken dat hul handelinge gevolge het. Dit is die oorsprong van die bose. (10)

4.3.2 **Lewe na die dood**

*Christendom*:

- Christene glo dat mense onsterflik geskape is. Dit beteken dat hulle geskape is om verewig te leef.
- Nadat Adam en Eva God se opdragte verontagsaam het, was die straf die dood.
- Dit is op alle mense van toepassing.
- God het die Profete gestuur sodat die mens homself kan bekeer.
- Dit het nie gehelp nie, en daarom is Jesus na die aarde gestuur.
- Hy het gely en gesterf vir menslike sondes.
- As gevolg hiervan sal Christene slegs die fisiese dood of die 'eerste dood' sterf.
- Hulle sal nie die geestelike of 'tweede dood' sterf nie.
- Die Christelike geloof staan of val op geloof in die opstanding.
- Christene sien uit na 'n nuwe gemeenskap wat gekenmerk sal word deur liefde, mededeelsaamheid en omgee.

*Boeddhisme*:

- Hergeboorte gebeur telkemale vir onverligte wesens.
- Verligte wesens kan die proses raaksien, die futiliteit daarvan besef, en daaruit tree.
- 'n Buddha het nirwana gehaal.
- Die meeste Buddhas is nie ernstig in hulle soeke na verligting nie.
- Lewe na die dood is nie wenslik of iets waarna daar gestrewe word nie.
- Die Buddha het geweier om te sê wat met die verligte persoon na die dood gebeur (10)

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou